

Landboudal Nuus

14 Junie
2019

Strategiese Planne

Landboudal in die volgende vyf jaar

Tydens die laaste Ouervergadering is deeglik aandag gegee aan die akademiese prestasiesyfers van Kwartaal 1 asook aan beplanning rondom die aanstel van 'n nuwe skoolhoof. Ongelukkig het baie min ouers dit bygewoon.

Volgens die Vrystaat Onderwysdepartement word die skoolhoofpos in die derde kwartaal geadverteer met die oog op vulling met ingang 1 Desember of 1 Januarie 2020. Die huidige hoof se termyn verstryk aan die einde van November. Verskeie kandidate het al begin navraag doen; die skool sal ook in die media adverteer sodra die amptelike departementele vakaturelys verskyn.

Verandering van skoolhoof skep gewoonlik angstigheid in 'n skoolgemeenskap. Onderwysers is onseker oor wat hulle kan verwag en ouers wonder oor die nuwe hoof se vaardighede. Ook die kinders vrees verandering. Uiteindelik moet die Beheerliggaam hierdie vrese en verwagtinge bestuur.

Die skoolhoof het 'n **dubbele rol**: Hy moet rekenskap aan die onderwyshoof gee maar ook verantwoordings doen aan die Beheerliggaam. Daar moet dus 'n **fyn balans** tussen die hoof en Beheerliggaam wees wat op vertroue, samewerking, wedersydse respek en gereelde verslagdoening berus. Die Beheerliggaam het gevolglik 'n baie verantwoordelike taak: Stel die regte hoof aan om hierdie fyn balans tussen beheer en bestuur te help handhaaf.

Die Beheerliggaam het reeds die eerste treë in die proses gegee met die hou van 'n strategiese beplanningssessie aan die begin van die jaar. Hierdie projek behoort in die derde kwartaal momentum te verkry met die identifisering van doelstellings wat die missie van Landboudal sal versterk.

Ouers word hiermee aangemoedig om knap en dinamiese kandidate aan te moedig om vir hierdie pos aansoek te doen. Uiteindelik is die aanstel van 'n nuwe skoolhoof die skoolgemeenskap se verantwoordelikheid en nie net dié van 'n paar individue nie.



Model vir 'n strategiese plan

Michael Porter se model vir bestuursbeplanning en posisionering is tydens die proses gebruik. Die doel was om 'n raamwerk te skep wat hierna gebruik kon word om die skool te help om eventueel 'n relatief stewige, geformuleerde strategiese plan uit te werk. Hierdie plan kan dan op kort tot medium termyn gebruik word om Landboudal vir die toekoms te posisioneer. Porter het in sy studie van organisasies bevind dat daar 5 kragte/ magsgroeperinge is wat bepalend is vir die bestuursbeplanning en posisionering van organisasies. Hierdie kragte/ magsgroeperinge (wat binne die skoolverband ontleed is) is die kompeterende skoolomgewing, die mag van voorsieners, die mag van kliënte, die mag van bestaende/nuwe toetreders en die mag van plaasvervangers. Elk van hierdie kragte/ groeperinge is teoreties uiteengesit en daar is veral gefokus op kernvrae wat ten opsigte van elkeen aandag behoort te kry. Aksieplanne is reeds in wording.

Landboudal Sport

“Individual commitment to a group effort – that is what makes a team work.”

Rugby:

Die Rugby het 6 wedstryde die kwartaal gespeel waarvan 3 ligawedstryde teen Sentraal, Fichardtpark en Jim Fouchè was en 3 interskole-wedstryde teen Grey, Burgersdorp en Upington. Die volgende wedstryde is 'n Interskole teen Rooiskool en die laaste Ligawedstryd teen HTS Louis Botha. Die 1ste en 0/16 spanne het reeds vir die semi-finale gekwalifiseer. Die 0/16's is nog onoorwonne in die liga.

Sterkte aan al die streekspanne wat gedurende die vakansie aan toernooie gaan deelneem.

Landboudal het gespog met 9 spanne wat teen Jim Fouchè rugby gespeel het, die meeste in 'n baie lang tyd in Landboudal se geskiedenis. Dankie aan elke toegewyde Lantie wat getrou kom oefen.

Hokkie:

Die 0/18A- en 0/16A-span neem aan die Bloemfonteinse 1ste grasliga deel. Hulle vaar baie goed in hul verskeie ligas. Die Hokkie het ook aan verskeie interskole-byeenkomste deelgeneem, waar hulle hulle goed van hulle taak gekwyt het. Die Hokkie toon 'n definitiewe opwaartse kurwe. Die Hokkieliga gaan in die 3de kwartaal aan.

Skiet:

Landboudal vaar baie goed in die Noord-Kaap liga en het in die 2 ligas van die kwartaal 24 Medaljes verower. Landboudal wil graag elkeen wat gehelp het met die provinsiale naweek bedank onder leiding van Juffrou Annali du Preez.

Netbal : Ligawenners 2019!

Hierdie afgelope seisoen het daar vyf van Landboudal se netbalspanne in die Groter Bloemfontein B-liga deelgeneem. Vier van die 5 spanne het in die finaal geseëvier. Die o/19 A, o/16 A en o/14 A was onoorwonne in die liga. Die uitslae in die finaal was soos volg:

0/14A wen 26-16 teen Dewetsdorp

o/15A wen 15-14 teen Navalsig

o/16A wen na ekstra tyd 23-16 teen Hoërskool Bloemfontein

Die Eerstespan wen 30-19 teen Hoërskool Bloemfontein

Vrystaatspelers

Baie geluk aan Rozelle Homsek wat ingesluit is in die o/19 C-Vrystaatspan en Evita Mlaza met haar insluiting in die o/16 C-span.

Xhariespan

Die volgende vier leerders is in die o/19 Xhariespan ingesluit wat die vakansie in Hennenman gaan deelneem: Carli Coetzee, Tharina Roelofse, Lee-Ann Hendricks en Carla du Randt.

Fast 5

Die Fast 5 seisoen skop volgende kwartaal af.

Mev.Ina Gericke het aan die einde van Meimaand afgetree na 16 jaar diens by Landboudal. Graag bedank ons haar vir al die getroue en uitstaande diens wat sy aan haar leerders gelewer het. Sy sal altyd hulle rolmodel wees van iemand wat opreg omgee het. Die departement het nog nie haar pos gevul nie en sy sal dus nog ondersteuning aan Landboudal lewer tot tyd en wyl finaliteit hieroor bereik is.

Vrystaat Netbalkampioenskappe

Die Eerste netbalspan span het 7 en 8 Junie aan die Vrystaatdag deelgeneem waar hulle teen Sentraal, Afrikaans Hoër Kroonstad en Welkom Gimnasium gespeel het. Hulle het goed gevaar tydens hierdie kampioenskappe.

Die o/15's het deelgeneem aan die Motsepe Cup vir 'n posisie in die Vrystaat. Hulle het teen groot skole meeding en baie goed gevaar.

Landboudal is baie trots op al sy spanne en spelers.

Tennis

Landboudal het vanaf die tweede kwartaal in die Groter Bloemfontein tennisliga begin deelneem. Dogters 1 en Seuns 1 is reeds halfpad afgehandel met hulle seisoen. Seuns 1 wen vir Jim Fouché, verloor teen St. Andrews, Fichardtpark en Sentraal. Dogters 1 verloor teen Zastron en Sentraal. Dogters 2 en Seuns 2 se liga begin in die derde kwartaal.

Opvoederposte

Die poste vir 'n Adjunkhoof en 'n Departementshoof (Landbouvakke / Wiskunde / Fisiese Wetenskappe) vir Landboudal is pas deur die onderwysdepartement geadverteer. Die aansoeke sluit 18 Julie en word by die Xhariep distrikskantoor ingegee. Verdere inligting is by die skool beskikbaar.

Inskrywings vir 2020

Bekendstellingsdag het vanjaar baie belangstelling gelok met amper 200 besoekers wat kom kyk het wat hier gebeur. Moedig asseblief alle belangstellende nuwe ouers aan om hulle gr.8's vir 2020 vóór 30 Augustus by Landboudal in te skryf. Na hierdie datum moet inskrywings eers deur die departement goedgekeur word, aangesien dit as laatinskrywings beskou word. Daar is reeds 50 nuweling ingeskryf vir 2020.

Dissipline

Talle leerders beland weens eie oordeelsfoute in onaangename dissiplinêre aksies wat later tot onnodige hartseer en verwyd lei. Dit bly ouers se eerste verantwoordelikheid om hulle kinders so groot te maak dat hulle die regte keuse in 'n moeilike situasie sal kan maak. Waarsku u kind om nie deel te word van 'n drukgroep wat daarop uit is om maats negatiewe dinge te laat doen nie. Hoërskoolkinders weet al presies wat reg en wat verkeerd is. Daar is te veel Lanties wat in die kantoor "Ek weet nie" as 'n rede aanvoer hoekom daar oortree is. Onthou ook dat eksamenoneerlikheid as 'n uiters ernstige oortreding beskou word.

Mag die vakansie vol droëwors en geurige biltong wees!